Die Vrae Wat Mense Vra

Johan Delport

ISBN 978-0-620-84971-5 (Print)
ISBN 978-0-620-84972-2 (e-Book)

Eerste publikasie: September 2019 deur Tygerberg Gesinskerk
info@gesinskerk.co.za / www.gesinskerk.co.za

Gedruk en gebind deur Tandym Print
1 Park Road, Western Province Park, Epping Industrial, 7475

Inhoudsopgawe

Spesiale dankbetuiging

Voorwoord

Inleiding 7

WEEK 1 - Die bron van ons antwoorde: Die Bybel 13

WEEK 2 - Wat moet ons weet rakende die Wederkoms? 19

WEEK 3 - Hemel en Hel – Ewigheidsake 27

WEEK 4 - Hoe moet ons getuig teenoor mense? 35

WEEK 5 - Hoe moet ons die Drie-eenheid verstaan? 43

WEEK 6 - Wat is die rol van die Heilige Gees in ons lewens? 51

WEEK 7 - Hoe moet ons bid? 57

WEEK 8 - Hoe weet ons wat God se wil is vir ons lewens? 65

WEEK 9 - Hoe leef ons Jesus by ons werk uit? 73

WEEK 10 - Hoe herstel ons stukkende verhoudings? 81

Slotwoord 89

Ander Bybelstudies 90

Spesiale dankbetuiging

Paulus sê in **Galasiërs 6:2** dat ons mekaar se laste moet dra. Soms is hierdie laste tekortkominge.

Wanneer 'n mens so 'n Bybelstudieboekie aanpak, word jy vinnig gekonfronteer met jou eie tekortkominge. Dit is dan wanneer jy die waarde besef van 'n span wat die Here vir jou gestuur het om jou te help.

Die span wat werk aan hierdie boekie, is nie net goed in wat hulle doen nie, maar is elkeen ook self baie lief vir die Here. Elkeen van hulle leef aktief hul getuienis uit dat Jesus Christus hul Verlosser is.

Dit is juis hierom dat ek so goed saam met hulle werk en met soveel gerustheid en vertroue elke keer teruggaan om hulle wéér vir hulp te vra.

Die span is as volg:

Ds. Chris Heunis - Teologiese versorging
Ronel Griessel - Taalkundige versorging
Riaan le Roux - Ontwerp en vervaardiging

Baie dankie. Julle is 'n "great" span!

Die Here seën julle vir julle harde werk.

Ds. Johan Delport

Voorwoord

"Don't argue with [a professor], but test everything he says in the light of God's Word." - Billy Graham

Baie welkom by 'n nuwe Bybelstudieboekie waarvan ek seker is dat elke leser in geloof en kennis opgebou sal word.

Vrae duik gereeld op wanneer iemand 'n pad met God stap. Antwoorde op vrae moet egter versigtig en dikwels met gebed oorweeg word.

Billy Graham en president Eisenhower het 'n goeie verhouding rondom die Woord van God gehad. Die volgende is oor hierdie verhouding geskryf:

> *Years down the road, Graham met with Eisenhower at Walter Reed hospital a few months before the president passed away. Graham recalls the conversation in his autobiography, "Just As I Am":*
>
> *"As my scheduled twenty minutes with him extended to thirty, he asked the doctor and nurses to leave us. Propped up on pillows amidst intravenous tubes, he took my hand and looked into my eyes. 'Billy, you've told me how to be sure my sins are forgiven and that I'm going to Heaven. Would you tell me again?'*
>
> *I took out my New Testament and read to him the familiar Gospel verses, the precious promise of God about eternal life. Then, my hand still in his, I prayed briefly.*
>
> *'Thank you,' he said. '**I'm ready**.'"*

Die hoofdoel van antwoorde op vrae is om ons toe te rus in ons wandel met God. Bybel-gefundeerde antwoorde op vrae, wat van tyd tot tyd opduik, berei ons ook voor om, soos Eisenhower,

te kan sê: “I am ready”.

Ds. Johan het met hierdie Bybelstudie die vrae en antwoorde so geformuleer dat dit die leser in staat stel om selfstandig navorsing te doen. Dit is egter voordelig om hierdie studie eerder in groepsverband te doen met iemand wat leiding neem.

Let ook daarop dat die Bybelstudieleier deeglik van die wye spektrum van inligting kennis moet neem. Daar is ook baie bronne wat geraadpleeg kan word. Lei die groep met insig en maak seker van deeglike voorbereiding. Dit is veral belangrik aangesien van die onderwerpe baie gespek gaan uitlok.

Die Woord van God bly altyd die verwysingsraamwerk wat fondasie-antwoorde bied vir die wat daarna soek. Mag die studie en reeks vir u, soos vir my, van groot seën wees. Mag dit u nuuskierig maak om verder te lees en navorsing te doen.

Ds. Chris Heunis

Inleiding

"Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken." **(1 Kor 13:12b)**

"The great question of our time is: Will we be motivated by materialistic philosophy or by spiritual power?" – Billy Graham

Het jy 'n vraag in jou gedagtes?

Welkom by die reeks: Die Vrae wat mense vra. Ongeveer elke vier jaar probeer ons 'n reeks doen oor die vrae wat mense vra. Hierdie reeks is gebaseer op die vrae wat ons gekry het deur middel van die kaartjies wat ingevul is en deur 'n e-pos wat ons gestuur het.

Ons probeer reekse doen wat gebaseer is op 'n gebalanseerde kurrikulum van die 5 Bybelse doelwitte wat ons in die Bybel leer. As gelowiges en as gemeente het ons 5 basiese opdragte:

- Ons moet God aanbid (Aanbidding) – Matteus 22:37
- Ons moet teenoor ongelowiges getuig (Evangelisasie) - Matteus 28:18-20
- Ons moet deel wees van die gemeente (Gemeenskap van die gelowiges) – Hebreërs 10:24-25
- Ons moet geestelik groei (Dissipelskap) – Kolossense 1:28-29
- Ons moet mekaar en ander bedien (Bediening) – Efesiërs 4:11-12

In hierdie reeks gaan ons vir een kwartaal stilstaan by die vrae wat die gemeente gevra het. Dit is egter nie moontlik vir ons om al

die vrae in een boekie te antwoord nie. Ons het altesaam meer as 60 vrae van die gemeente gekry en die doelwit van hierdie boekie is om die vrae te antwoord wat die meeste voorgekom het.

Die bron van ons antwoorde

Die gehalte van 'n antwoord is maar so goed soos die gehalte van die bron van daardie antwoord. Dit is daarom belangrik dat die bron wat ons gebruik om hierdie vrae te antwoord, van goeie gehalte is.

In ons geval gebruik ons die Woord van God, die Bybel, as ons bron. Van hierdie bron sê Jesaja: "*Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.*" **(Jes 40:8)** Petrus stem saam met Jesaja as hy sê: "'*...die woord van die Here, dít bly vir ewig.' En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.*" **(1 Pet 1:25)**

Op hierdie vrae mag daar dalk baie menslike opinies wees, maar ons is net geïnteresseerd in die antwoorde wat God gee. Soos Jesaja sê, die Here se Woord sal nooit leeg terugkeer nie. Dit sal altyd doen waarvoor dit gestuur is **(Jes 55:11)**.

Elkeen kan self die Woord bestudeer

Alhoewel ons nie al die vrae in hierdie boekie gaan antwoord nie, is die idee dat ons sekere beginsels sal leer. Wat elkeen van ons in hierdie studie kan kry, is 'n metode hoe om alledaagse probleme en vrae deur die bril van die Bybel te sien en te antwoord.

Maak notas, kyk hoe ons die Bybel hanteer en dupliseer dit, en kyk of jy tot 'n antwoord kan kom op ander vrae wat jy dalk mag hê. Toets jou antwoorde dan met ander gelowiges wat bekend is daarvoor dat hulle lief is vir die Here en sterk staan in die geloof.

Word ‘n Bybelstudent. Jy hoef nie teologie te gaan studeer om ‘n Bybelstudent te wees nie. Almal kan Bybelse antwoorde op hul vrae kry, hulle moet net ‘n bietjie tyd insit en die Bybel bestudeer.

Hier is ‘n paar wenke:

Wenk #1: Neem al jou vrae na die Woord toe.

Neem ‘n besluit om ‘n Bybelse wêreldsiening te ontwikkel. Hoe doen ek dit? Deur seker te maak ek neem al my vrae en kwessies na die Woord toe.

Wenk #2: Maak ‘n lys van verse wat van toepassing is.

Gebruik ‘n konkordansie of jou gunsteling Bybelsagteware om verse te kry wat oor die onderwerp handel. Onthou om altyd verse in konteks te lees (lees die vyf verse voor en die vyf verse na elke vers). Vergelyk verse met mekaar deur te kyk wat verskillende skrywers oor die onderwerp sê. Skryf al jou gevolgtrekkings neer.

Wenk #3: Lees wyer oor die onderwerp.

Daar is baie goeie Bybelse leraars wat reeds deur hierdie vrae geworstel het. Gaan lees wat sê manne soos:

Wayne Grudem
John Piper
Billy Graham
John MacArthur
John Wesley
Ravi Zacharias
C S Lewis
A W Tozer
J I Packer

Wenk #4: Bespreek dit met ander gelowiges.

Gelowiges kan by mekaar leer. Spandeer tyd saam met ander gelowiges, worstel saam met hulle deur moeilike vrae.

Wenk #5: Doen dit alles biddend.

Ons mag nooit die krag van gebed onderskat nie. Neem altyd al jou vrae en probleme in gebed na die Here toe. Al die antwoorde in die wêreld kan nie vir jou vrede bring nie. Vrede is 'n geskenk wat God vir ons gee. Soos Paulus sê: "... *maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*" **(Fil 4:6b-7)**

Duidelike vrae, onduidelike antwoorde

Dit mag wees dat ons by sommige vrae nie tot een duidelike antwoord gaan kom nie. Dit kan wees dat ons dalk mag verskil met die interpretasie van sekere verse en tot verskillende gevolgtrekkings kom.

Onthou die woorde van Paulus:

"Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken." **(1 Kor 13:12)**

Niemand van ons kan aanspraak maak dat ons alles weet of al die antwoorde ken nie. Ons is almal nog besig om te leer. Ons moet dus sensitief wees vir mekaar en ons mag nooit plek maak vir 'n stryery nie, want daar is niks goeds vir die koninkryk wanneer ons met mekaar stry nie.

Paulus moedig ons juis ook aan om nie in sulke stryery betrokke

te raak nie. Hy sê: "*Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil.*" **(Rom 14:1)**

Dit is daarom duidelik dat ons nie met mekaar moet stry wanneer dit kom by onderwerpe wat nie sentraal staan tot die evangelie nie.

Hoe om die beste van die studie te maak

Soos met baie ander dinge in die lewe wat die moeite werd is: Hoe meer ek insit, hoe meer kry ek uit! Wanneer dit kom by groot geloofsake soos die kruisiging van ons Here Jesus, moet ons ekstra moeite en tyd insit.

Hier is 'n paar basiese wenk om die beste te maak van hierdie studie:

Wenk #1: Neem 'n kwaliteit besluit om elke dag tyd te maak om stil te word voor die Here in gebed en Bybelstudie.

Wenk #2: Kom voorbereid na die Bybelstudie toe. Maak tyd om die week se Bybelstudie deeglik te doen voor die byeenkoms.

Wenk #3: Lees verder. Kyk weer na die betrokke verse en lees die vyf verse voor en na elke vers.

Wenk #4: Begin 'n gebedsjoernaal. Aan die einde van elke studie is daar plek om gebedsversoeke neer te skryf. Kyk weekliks daarna en prys die Here vir elke beantwoorde gebed.

Hierdie boekie kan gebruik word as 'n persoonlike Bybelstudie in die gelowige se stiltetyd, maar die waarde wat ander gelowiges vir my bied in groepsverband, is van onskatbare waarde! Die ideaal is daarom om hierdie boekie in jou stiltetyd deur te werk,

maar ook in 'n Bybelstudiegroep.

Vir ouers!

Hierdie boekie kan ook baie nuttig wees vir 'n gesinsbybelstudie. Maak dit deel van jul gesin se stiltetyd. Moedig bespreking aan. Hou net in gedagte dat jonger kinders dalk verduideliking gaan vra vir meer komplekse gedagtes. Wees geduldig terwyl jy die ewige waarhede aan hulle kommunikeer. Die Skrif sê mos:

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." **(Spr 22:6)**

Die bron van ons antwoorde:
Die Bybel

"Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart."
(Heb 4:12)

"Apply yourself wholly to the Scriptures, and apply the Scriptures wholly to yourself." – Johann A. Bengel

WEEK 1

Inleiding

Die een en twintigste eeu het sovêr baie opwindende tegnologiese vooruitgang gebring. Met die koms van die slimfoon het die gemiddelde persoon nou toegang tot die wêreld se biblioteke en winkels. Met Google Maps is daar net nie meer 'n verskoning om te verdwaal nie en met sosiale netwerke soos WhatsApp, Facebook en Instagram het ons blitsvinnige kontak met geliefdes en vriende reg oor die wêreld.

Welkom by wat genoem word: die "Information Age"! Ons lewe nou in 'n era waar informasie totaal en al sonder diskresie in die palm van enigiemand se hand kan wees.

Dit is presies waar die probleem lê. As genoeg mense dieselfde opinie het, dan word daardie opinie 'n beweging. As daardie beweging sterk genoeg word, dan word daardie opinie 'n antwoord – sonder diskresie.

Die bron van ons antwoorde: Die Bybel

Tema teks: 2 Timoteus 3:14-17
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Hierdie onderwerp was nie 'n vraag nie, ons moet egter hier begin. In hierdie reeks kyk ons na die vrae wat mense vra en ons gaan nie die antwoorde soek op enige ander plek as in die Woord van God nie.

Die Bybel is die bron van ons antwoorde. Die Bybel is ons lewenshandboek. Mense se opinie sal verander, maar die Woord van God bly ewig dieselfde **(Heb 13:8, Jak 1:18)**.

Die Bybel is die Woord van God

*Lees **2 Timoteus 3:16***

Die Bybel is nie 'n verhandeling van mense se opinies nie, dit is die Woord van God. Die inhoud van die Bybel is deur God geïnspireer. Dit beteken alles wat daarin staan, kom van God af. Daardie woord vir inspirasie beteken om iets in te blaas. God het sy boodskap in die skrywers ingeblaas. Hulle het presies geskryf wat God bedoel het hulle moet skryf.

As Christene gebruik ons die Bybel, die Woord van God, as die bron waarvolgens ons alle vrae antwoord. Die Bybel gee God se antwoorde op die lewensvrae wat ons het.

Gespreksvraag:
Lees **Psalm 1:1-4**. Wat lees ons is die resultaat van iemand wat die Woord gebruik as die handboek vir sy lewe? _____
_____
_____
_____
_____

Die Woord is die finale gesag oor ons lewens

*Lees **Galasiërs 1:6-9***

Paulus maak dit duidelik in hierdie gedeelte dat daar nie 'n ander evangelie is nie. Daar is nie 'n ander alternatiewe waarheid waarvolgens ons kan lewe nie.

Die Bybel is die finale gesag oor ons lewens. Ons kan nie hiermee onderhandel nie en daar is ook geen plaasvervanger nie. God se Woord het die laaste en finale sê oor alle sake in ons lewens.

As gelowiges is dit belangrik om ons lewens te onderwerp aan die Woord. In elke aspek – of dit by die werk, kerk of by die huis is – moet ons lewens in lyn wees met die Woord.

Gespreksvraag:

Lees weer **2 Timoteus 3:16-17**. Maak 'n lys van die effek wat die Woord op ons lewens sal hê: _____

_____

_____ ?

_____

_____

'n Bybelse wêreldsiening

*Lees **Efesiërs 6:17** en **1 Korintiërs 2:15***

In **Efesiërs 6:12** lees ons dat ons stryd hier op aarde nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose geeste in die lug. Dit is voorwaar 'n geestelike stryd. Hierdie wêreld is deurtrek met die invloed van Satan. Daarom kan ons nie na die wêreld toe gaan om antwoorde te kry op geestelike vrae nie.

Paulus maak dit duidelik in hierdie gedeelte dat ons die Swaard van die Gees moet opneem, dit is die Woord van God. In die tweede gedeelte lees ons dat die geestelike mens (die mens wat

gevul is met die Heilige Gees) alle dinge geestelik beoordeel. Wanneer ek my lewe deur die Gees rig en volgens die Bybel se voorskrifte, kom ek tot ander antwoorde en gevolgtrekkings as wat die wêreld doen.

Dit is belangrik om 'n Bybelse wêreldsiening te ontwikkel. Ons kyk na hierdie wêreld deur die bril van die Bybel. Ons is geestelike mense en ons beoordeel alle dinge geestelik. Ons is gevul met die Heilige Gees en ons het die Swaard van die Gees – dit is die Woord van God.

Ons antwoord daarom alle vrae vanuit die Bybel en met 'n Bybelse perspektief.

Gespreksvraag:
Lees **Jeremia 23:28-29**. Wat lees ons hier oor die Woord van die Here? Waarmee word dit vergelyk? Lees nou **Jesaja 55:11**. Hoe vergelyk hierdie verse? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

Vandag se studie dien as 'n inleiding tot die reeks: Die Vrae wat mense vra. Dit is belangrik dat ons eers vir mekaar sê wat die bron is vir die antwoorde voordat ons antwoorde begin soek.

Ons glo in die algenoegsaamheid van die Woord. Die Bybel is God se Woord en is genoeg vir ons om al die lewensvrae mee te antwoord.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 1

Iets om te onthou

Die Woord van God is algenoegsaam.

Vers om te onthou

"...maar [die] wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie." **(Ps 1:2-3)**

Vraag om oor na te dink

Wat beteken dit dat die Woord algenoegsaam is met betrekking tot my eie lewe?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat u Woord genoeg is. U Woord is deur U Gees aan mense gegee en dit bly ewig staan. Dit verval nie en verloor nie betekenis nie. Dankie dat ek vandag nog my lewe daarvolgens kan rig. AMEN

Wat moet ons weet rakende die Wederkoms?

"Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer." **(2 Pet 3:9)**

"When the day of recompense comes, our only regret will be that we have done so little for Him, not that we have done too much." – George Muller

WEEK 2

Inleiding

Daar is nie minder nie as vyf verskillende standpunte oor die eindtyd en wederkoms. Daar is diep gelowiges en geleerde mense wat elkeen van hierdie vyf standpunte ondersteun. Elkeen hou vas aan sy eie standpunt as die ware een. Boeke word geskryf, reekse word gepreek en seminare word gehou oor elkeen van hierdie standpunte.

Mense is oortuig van hul standpunt. Ons weet egter ook dat 'n mens eerlik oortuig kan wees van iets en terselfdertyd heeltemal verkeerd wees. Om iets te glo, maak dit nie outomaties waar nie.

Die feit bly staan, al is daar vyf verskillende interpretasies, kan net een waar wees. In vandag se studie gaan ons kortliks kyk na die vyf verskillende sienings en dan kyk na wat kern staan tot die evangelie.

Wat moet ons weet rakende die wederkoms?

Tema teks: 1 Tessalonisense 4:13-18
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

4 Verskillende standpunte

Kom ons kyk kortliks na die verskillende standpunte.

Preterisme:

Die gebeure in Daniël het reeds afgespeel voor die koms van Christus en die meeste van die gebeure in Openbaring het afgespeel voor 70 n.C. Ook die tekens wat Jesus na verwys in Matteus, het tot vervulling gekom met die finale vernietiging van die tempel en verwoesting van Jerusalem.

Diegene wat hierdie standpunt huldig, verwag nie 'n wederkoms as sulks nie, maar die meerderheid het 'n verwagting dat alles tot 'n einde sal kom met die wederkoms waarna die finale oordeel sal volg.

Pre-millennialisme:

Soos die naam aandui, het die standpunt te doen met die 1000 jaar vrederyk. Afhangende van waar jy die 1000 jaar vrede plaas, kom daar 'n tydperk van baie groot verdrukking reg voor of reg na die vredestyd, waarná die finale oordeel kom.

Baie mense huldig hierdie siening en glo dat daar 'n wegraping van die gelowiges kom voor die groot verdrukking en vredestydperk.

Post-millennialisme:

Hierdie standpunt huldig die siening dat die wêreld sistematies agteruit sal gaan en dat die antichris meer en meer na vore sal kom, totdat dit 'n klimaks bereik waarna Jesus self die oorwinning sal aankondig en self sal heers oor die aarde vir 'n 1000 jaar. Hierna sal die finale oordeel plaasvind.

A-millennialisme:

Vir hierdie standpunt is die 1000 jaar vrederyk 'n simboliese tydperk wat begin het nadat die Heilige Gees uitgestort was. Die 1000 jaar word gesien as 'n simboliese getal om 'n baie lang tydperk uit te druk en dat op 'n dag, soos deur God bepaal, daar een wederkoms sal wees. Die finale oordeel sal dan plaasvind.

3 Basiese waarhede sentraal tot die evangelie:

Waarheid #1: Alles gaan tot 'n dramatiese einde kom
Lees ***Openbaring 21:1-5***

Daar kom 'n dag wanneer alles soos ons dit nou ken, verby sal gaan. Die Skrif maak dit duidelik dat, op die dag wanneer die Here Jesus terugkom, alles nuut gemaak gaan word.

Lees die verse en skryf neer wat die Bybel sê gaan gebeur:

Vers 1: _____

Vers 2: _____

Vers 3: _____

Vers 4: _____

Vers 5: _____

Gespreksvraag:
Lees **Openbaring 21:6-8**. Op watter manier troos en bemoedig hierdie verse ons? Watter waarskuwing lê daar in hierdie verse? _____

_____

_____

_____

Waarheid #2: Niemand weet wanneer nie

*Lees **2 Petrus 3:10-11** en **Matteus 24:36***

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat niemand die tyd en dag ken wanneer Jesus se wederkoms plaasvind nie. Daar is baie mense wat beweer hulle kan die tekens lees en 'n voorspelling maak. Daar is baie mense wat dit in die verlede probeer het en tot hul skaamte moes erken dat hulle verkeerd was.

Die Here roep ons nie om vooruitskattings te maak en probeer om die dag en tyd te bepaal nie. Wat wel belangrik is, is dat ons gereed moet wees. Dit kan enige dag wees. Dit kan dalk vandag wees, of dalk eers volgende jaar, of dalk nie eers in ons leeftyd nie. Ons weet nie, maar ons moet gereed wees.

Gespreksvraag:
Lees **Matteus 25:1-13**. Watter les kan ons leer uit hierdie verhaal wat Jesus vertel? Hoe is dit vandag nog van toepassing? _____

_____

_____

_____

_____

Waarheid #3: Ons moet besig wees met koninkrykswerk

*Lees **2 Petrus 3:8-13***

Waarom het die wederkoms nog nie plaasgevind nie? Petrus antwoord hierdie vraag vir ons in geen onduidelike terme: "God

wil hê dat nog mense hulle moet bekeer!"

God se gesindheid is om mense te red. Die Here wil nie hê dat mense verlore moet gaan nie. As die Here nie vandag terugkom nie, het ons nog 'n kans om mense van Jesus te vertel – nog mense het kans om gered te word.

Wagtyd is genadetyd. Ons moet dit nie verspeel nie. Ons moet elke geleentheid aangryp om met mense oor die Here Jesus te gesels.

Gespreksvraag:
Lees **Handelinge 2:38-42**. Kyk spesifiek na **vers 40**. Wat doen Petrus? Waarom doen hy dit? Wat beteken dit vir ons vandag? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

Dit is belangrik dat ons nie met mekaar moet stry oor die verskillende standpunte rondom die wederkoms nie. Dit bring nie eer aan die Here nie en saai net verdeeldheid. Ons behoort liewer daardie energie te gebruik om met ongelowiges te praat oor die evangelie, want die waarheid is dat die Here hulle wil red.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 2

Iets om te onthou

Christus Jesus kom weer terug om ons te kom haal.

Vers om te onthou

"Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer." **(2 Pet 3:9)**

Vraag om oor na te dink

Hoe behoort ek my lewe in te stel na aanleiding van vandag se studie?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my gered het en dat ek sekerheid kan hê dat, sou die wederkoms vandag plaasvind, ek gered is. Vader, help my om sensitief te wees teenoor mense wat nog nie gered is nie; dat ek 'n geleentheid sal soek om met hulle oor Jesus Christus se verlossingswerk te gesels. AMEN

Notas

Hemel en Hel – Ewigheidsake

"Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God." **(Op 21:3)**

"I'm going to heaven just like the thief on the cross who said in that last moment: 'Lord, remember me.'" – Billy Graham

"Hell is the highest reward that the devil can offer you for being a servant of his." – Billy Sunday

WEEK 3

Inleiding

Dit is interessant om te sien hoeveel mense glo dat die hemel 'n werklikheid is, maar terselfdertyd die werklikheid van die hel verwerp.

Die meeste gelowiges het nie 'n probleem om te glo dat die hemel presies is soos die Bybel dit beskryf nie. Maar wanneer met hulle gesels word oor die hel, dan word dit gou duidelik dat daar geglo word dat die hel nie is soos wat die Bybel dit beskryf nie.

Vandag se studie is 'n baie belangrike studie, want dit is dieselfde Bybel wat ons vertel hoe wonderlik en heerlik die hemel is, wat ons vertel hoe verskriklik die hel is.

Die hemel en die hel – Ewigheidswerklikhede

Tema teks: Lukas 16:19-31
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

In hierdie gedeelte lees ons van twee manne, een 'n ryk man en die ander een 'n arm man. Dit is belangrik om te verstaan dat die ryk man nie sleg was omdat hy ryk was nie en die arm man nie goed was omdat hy arm was nie.

Die arm man se armoede was te wyte aan sy sieklike toestand **(v21)**, maar hy was gehoorsaam aan God. Die ryk man se situasie was anders. Hy en sy broers het nie die Here gedien nie en het 'n goddelose lewe gelei **(v28-31)**.

In die storie wat Jesus vertel, sien ons dat beide manne tot sterwe gekom het en ook wat daarna met hulle gebeur het. Uit hierdie gedeelte en nog ander kan ons leer uit wat met die mens gebeur wanneer hul tot sterwe kom.

Gespreksvraag:
Kyk weer na **Lukas 16:19-31**. Maak 'n lys van wat ons hier lees oor die paradys en die doderyk:

Paradys:	***Doderyk:***
_____	_____
_____	_____
_____	_____
_____	_____
_____	_____

Wat gebeur met gelowiges wanneer hul tot sterwe kom?
*Lees **Johannes 1:12** en **3:16***

Iemand wat die Here Jesus aangeneem het as Verlosser, is 'n

kind van God. Vir 'n gelowige wag daar die heerlikheid van die ewige lewe saam met God.

Die paradys
Lees ***Lukas 23:43***

In **2 Korintiërs 5:10** lees ons dat almal van ons voor die regterstoel van God moet verskyn vir die finale oordeel op die oordeelsdag. Die finale oordeel vind eers plaas na die wederkoms. Waar is die gelowiges nadat hulle gesterf het en terwyl hulle wag vir die finale oordeel?

Volgens die verhaal wat Jesus vertel en die woorde van Jesus aan die rower wat langs hom gehang het aan die kruis, gaan ons almal na die paradys toe.

Ons weet nie presies hoe dit daar gaan wees nie, maar ons weet dat Abraham, die rower aan die kruis en al die ander gelowiges ook daar gaan wees. Ons lees ook in **Openbaring 4** dat al die gelowiges in die troonkamer van die hemel gaan wees as die finale gebeure op aarde afspeel.

Die hemel
Lees ***Matteus 25:31-46***

Na die wederkoms gaan almal, gelowiges en ongelowiges, voor die troon van God verskyn om geoordeel te word. Maar vir die wat in Christus geglo het en die Here Jesus as Verlosser aanvaar het, sal daar nie veroordeling wees nie **(Rom 8:1)**.

Die hemel is 'n heerlike plek waar daar geen dood, pyn, siekte, seer, hartseer of sonde gaan wees nie. Daar gaan ons die ewigheid saam met God spandeer.

Ons is nie presies seker hoe dit daar gaan wees nie. Hoe kan jy vir 'n ongebore baba in sy moeder se skoot verduidelik hoe die nuwe lewe in die wêreld gaan wees? Jy kan nie! Maar dit gaan

wonderlik wees en alle moontlike verwagtinge gaan by verre oortref word.

Gespreksvraag:
Lees **Johannes 14:1-2**. Watter waarhede lees ons hier raak rakende die hemel? _____
_____
_____
_____
_____

Wat gebeur met ongelowiges wanneer hul tot sterwe kom?
*Lees **Openbaring 20:11-15***

Die doderyk en hel is presies die teenoorgestelde van die paradys en hemel. Die paradys en die hemel is die plek vir die gelowiges. Dit is 'n plek van vrede, vreugde en ewige heerlikheid. Die doderyk en die hel daarteenoor, is 'n plek van ewige pyn, marteling en straf.

Die doderyk
*Lees **1 Petrus 3:18-20***

Wanneer ongelowiges sterf, gaan hulle na 'n plek wat vergelyk kan word met 'n tronk vir verhoorafwagtendes. Uit Jesus se gelykenis van Lasarus en die ryk man, sien ons dat dit 'n onaangename plek is waar verlatenheid en oordeel heers.

Dit is 'n verskriklike plek omdat elkeen wat homself daar bevind, weet daar is nie uitkoms nie, en die mense wat daar is, weet wat vir hulle wag: die oordeel, veroordeling en ewige straf.

Die ongelowiges wag hier vir die finale oordeel waarna bevind sal word dat hul name nie in die boek van die lewe staan nie en dat hulle dan die ewige oordeel binnegaan.

Die hel
Lees ***Openbaring 20:10 en 21:8***

Die fout wat baie mense maak, is om te dink dat die hel Satan se woonplek en koninkryk is. Dit is nie. Die hel behoort ook aan God. Dit is nie die plek waar Satan heers nie, maar die plek waar God vir Satan en die afvallige demone gaan straf.

Die hel is bedoel om Satan en die demone te straf, maar dit is ook die plek waarheen ongelowiges gaan ná die oordeel.

Gespreksvraag:
Lees **2 Petrus 3:9**. Na aanleiding van die gedeelte wat ons so pas behandel het, watter werk lê vir ons as gelowiges voor? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

In vandag se studie het ons gekyk na die hemel en die hel. Vir die wat die Here Jesus aangeneem het en God as Vader dien, wag die ewige lewe, maar vir die wat Christus nie aangeneem het nie, wag daar die ewige oordeel.

Daar behoort 'n dringendheid in ons harte te wees oor ons gesin, familielede, vriende, kennisse en kollegas wat nie die Here ken nie. Daar behoort 'n dringendheid in ons harte te wees om die evangelie te verkondig.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 3

Iets om te onthou

Vir die gelowiges wat vashou aan die Here Jesus, wag daar ‘n heerlike ewigheid. Vir die wat sonder Jesus sterf, wag daar ewige oordeel en straf.

Vers om te onthou

“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.” **(Rom 8:1)**

Vraag om oor na te dink

Hoe behoort ek op te tree teenoor ongelowiges na aanleiding van vandag se studie?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my kom red het. Dankie vir die kruis van ons Here Jesus. Here, gee vir my ‘n dringendheid in my hart om nie my geloof net vir myself te hou nie. AMEN

Notas

Hoe moet ons getuig teenoor mense?

"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."
(1 Pet 3:15b)

"If we understand what lies ahead for those who do not know Christ, there will be a sense of urgency in our witness."
– David Jeremiah

WEEK 4

Inleiding

In die vorige studie het ons gesels oor die twee ewige realiteite. Vir mense wat die Here Jesus in geloof aangeneem het as Verlosser, wag daar voorwaar 'n wonderlike ewigheid. Maar wat van die mense wat nie die Here Jesus ken nie? Wat van die mense wat nog soekend is?

Ons het ook vir mekaar gesê dat die Here se gesindheid is om te red. Petrus beaam juis hierdie waarheid wanneer hy sê:

"Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer." **(2 Pet 3:9)**

In vandag se studie kyk ons na watter rol ons kan speel in die

redding van verlore mense.

Hoe moet ons getuig teenoor mense?

Tema teks: Johannes 1:35-51
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Wat 'n wonderlike teksgedeelte. Hier sien ons dat die Here Jesus nie net aktief dissipels roep nie, maar daar is ook gewone mense wat getuig. Wat gebeur in hierdie gedeeltes? Skryf elke keer neer wie getuig teenoor wie en wat is die resultaat van die getuienis:

Wie getuig? **(v35-36)**: _____

Wat is die resultaat? **(v37)**: _____

Wie getuig? **(v41)**: _____

Wat is die resultaat? **(v42)**: _____

Wie getuig? **(v45)**: _____

Wat is die resultaat? **(v47)**: _____

Dit is duidelik dat dit gewone mense was wat getuig het. Alhoewel dit aanvanklik ook net gewone resultate opgelewer het, het hierdie klein getuienisse die wêreld verander.

Hoe kan ek ook getuig? Hoe kan ek my lewe inrig sodat mense kan hoor van die reddingswerk wat ons Here Jesus aan die kruis vir ons bewerk het?

Begin hier: Getuig met ons lewens
*Lees **Matteus 5:16***

Niks getuig so duidelik oor die Here Jesus soos 'n lewe wat verander het nie. Wanneer my lewe werklik besig is om te verander en meer en meer te lyk soos die Here Jesus, ontstaan daar vrae by mense:

Wat het met jou gebeur?

Waarom het jy so verander?

Dit beteken nie dat ek perfek moet wees voordat ek kan getuig nie – glad nie! Wat dit wel beteken, is dat my getuienis meer slaankrag het wanneer ek self besig is om te groei in die Here.

Soos die ou gesegde sê:

Preach the gospel at all times – if necessary, use words!

Gespreksvraag:
Lees **Romeine 8:29** en **Kolossense 1:28**. Hoe skakel hierdie verse in by mekaar? Waarom is dit belangrik vir ons getuienis? _____

_____

_____

_____

_____

Nooi en Vertel! Nooi en Vertel! Nooi en Vertel! Nooi en Vertel!

*Lees **Romeine 10:14-15***

Baie mense sê: "Maar ek getuig met my lewe!" en "mense sal Jesus in my lewe raaksien". Dan sal hulle sê: "Ek hoef nie met my mond te getuig nie". Dit is egter nie waar nie. So 'n siening doen eintlik baie skade.

As iemand goed lewe, dan word so 'n persoon bekend as 'n goeie mens. Maar niemand kan gered word deur my goeie lewe nie. Mense word gered deur die evangelie van Jesus Christus te

glo en te aanvaar. Mense hoor nie die evangelie deur my goeie lewe nie.

Dit is daarom belangrik dat ek met my lewe moet getuig, maar dit is net die eerste stap. Ongelowiges kan slegs by Jesus uitkom as hulle die evangelie hoor. Daarom mag ons nie stilbly oor die hoop wat in ons leef nie.

Begin deur 'n eenvoudige aksie te neem. Nooi mense kerk toe. Gebruik elke moontlike geleentheid om mense kerk toe te nooi. Maak 'n lys van al die mense wat jy ken wat nie 'n aktiewe verhouding met die Here Jesus het nie en nooi hulle kerk toe.

Gespreksvraag:
Lees **1 Petrus 3:15**. Wat leer ons uit hierdie vers en hoe kan ons dit toepas?

_____

_____

_____

_____

Dink plaaslik en globaal: Skakel by 'n organisasie in
*Lees **Matteus 28:19-20***

Ons moet elke geleentheid wat ons het, gebruik om mense te vertel van Jesus. George Whitefield het dit so mooi gesê: "God forbid that I should travel with anybody a quarter of an hour without speaking of Christ to them."

Wanneer ek inskakel by 'n organisasie wat evangelisasie en sendingwerk doen, gee dit vir my 'n platvorm waarop ek mense kan bereik. Gewoonlik bied sulke organisasies opleiding, strukture, asook gepaste geleenthede om te getuig.

Daar is baie organisasies wat wêreldwyd en ook hier in ons eie streek werk. Hier is 'n paar organisasies:

- *Straatwerk en MES-aksie* – doen straatwerk onder die

haweloses, asook vrouens wat op straat werk.
- *Die Gideons* – plaas Bybels by skole, hospitale, hotelle en ander plekke.
- *CBMC* – werk onder besigheidsmanne.

Gespreksvraag:
Lees weer **Matteus 28:19-20** en **Handelinge 1:8**. Dink mooi oor hierdie verse. Wat is die aard van ons uitreik volgens hierdie verse? _____
_____
_____
_____

Opsomming:

In **Efesiërs 6:18-19** stel Paulus vir ons die voorbeeld om te bid. Ons moet vir mekaar bid dat ons met groot vrymoedigheid die evangelie kan verkondig. Ons moet seker maak ons bid vir mekaar. Ons moet ook bid dat die Here vir ons deur sy Heilige Gees die geleenthede sal uitwys en ons getrou sal maak om te getuig.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 4

Iets om te onthou

Dit is elke gelowige se verantwoordelikheid om te getuig teenoor die verlore wêreld.

Vers om te onthou

"Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid." **(Kol 4:5)**

Vraag om oor na te dink

Hoe kan ek my eie lewe beter inrig om 'n getuie te wees vir Jesus? Waar het ek daagliks geleenthede wat ek kan gebruik om te getuig?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, kom leer my om 'n hart te hê vir verlore mense. Kom help my om te verstaan dat U hierdie mense liefhet en dat Jesus ook vir hulle aan die kruis kom sterf het. Kom leer my getrouheid sodat ek meer en meer die geleenthede wat ek het om te getuig, sal gebruik. AMEN

Notas

Hoe moet ons die Drie-eenheid verstaan?

"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."
(Deut 6:4)

"Bring me a worm that can comprehend a man, and then I will show you a man that can comprehend the Triune God."
– John Wesley

WEEK 5

Inleiding

Hoe ons die wese en aard van God verstaan, bepaal elke faset van hoe ons interaksie met Hom het. Indien my begrip van God verkeerd is, dan gaan ek sukkel om 'n sinvolle verhouding met Hom te bou. Indien ek 'n totale verkeerde begrip het, kan dit selfs lei tot ernstige twyfel en afvalligheid.

Die Drie-eenheid van God is 'n belangrike leerstelling in die Christen se begrip van God. Hoe verstaan ek dit? Dit klink asof die stellings mekaar weerspreek. Daar is net een God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, en tog is hulle drie Persone. In vandag se studie gaan ons hierdie vraag antwoord.

Hoe moet ons die Drie-eenheid verstaan?

Tema teks: Deuteronomium 6:4-5 en Markus 12:29-31
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te

gee om leeswerk te doen.

Voordat ons werklik na die leerstelling oor die Drie-eenheid kan kyk, moet ons eers gesels oor wat teologie is en waarom dit belangrik is.

Teologie – wat is dit en waarom is dit belangrik?
*Lees **Handelinge 17:11**, **Efesiërs 6:17b** en **2 Timoteus 3:16-17***

Teologie het amper soos 'n stiefkind van ons geloof geword. Mense sal stellings maak soos:

- Ek wil niks met teologie te doen hê nie, ek wil net met Jesus te doen hê.
- Jy het nie teologie nodig om 'n verhouding met God te hê nie.
- Kom ons bly weg van teologie en bly net by die Bybel.

Eintlik is stellings soos dié baie skadelik en onsinnig. Dit impliseer dat die geloof waaraan ek vashou, die waarheid is, en ander mense wat met my verskil, het 'n mindere of 'n meerdere mate van teologie.

Die waarheid is dat die oomblik wat ek die Bybel lees, ek besig is met teologie. Om dit te verstaan, moet ons eers kyk na wat teologie is.

Die woord teologie is 'n samestelling van 2 Griekse woorde: Theos en Logos. Die Afrikaanse ekwivalent is: God en Woord/studie, met ander woorde die studie van God.

Elke keer wanneer ons die Bybel oopmaak en daaruit lees, maak ons 'n studie van God. Ons leer meer van God se karakter, van wat Hy van ons verwag en hoe om 'n verhouding met Hom te bou. As dit nie vir teologie was nie, het niemand van ons 'n verhouding met God gehad nie.

Gespreksvraag:
Lees **Psalm 1:1-3** en **119:9-11**. Hoe help die studie van God my om 'n beter verhouding met Hom te hê? Hoe verander dit my lewe? _____
_____
_____
_____

Die Drie-eenheid – drie Persone
*Lees **Matteus 28:19-20***

Die eerste hekkie waaroor ons moet kom, is om te verduidelik dat daar drie verskillende Persone in die Drie-eenheid is.

Daar is teoloë wat verkeerdelik sê dat daar net een Persoon in die Drie-eenheid is. Hulle sal dit so verduidelik:

'n Man kan 'n seun wees van sy ma, 'n man wees vir sy vrou en 'n pa wees vir sy kind. Dit is een persoon met drie rolle – seun, eggenoot en vader.

Dit mag klink dat so 'n siening ons probleem sou oplos. Is dit wel wat die Skrif leer? Lees die volgende verse versigtig en skryf neer wat daar staan. Let spesifiek op na die rolle van elke Persoon in die Drie-eenheid:

Matteus 3:13-17 _____

Markus 16:19 _____

Johannes 14:1-4 _____

Johannes 15:26 _____

Wanneer ons hierdie verse lees, is dit tog duidelik dat daar drie verskillende Persone is. Kom ons lig dit net duidelik uit. Stellings soos die volgende word gemaak in die Woord:

- Die Vader sit op die troon.
- Jesus sit aan die regterhand van sy Vader.
- Die Heilige Gees is ons voorspraak en help ons hier op aarde.

Daar is dus geen rede om te twyfel dat daar drie Persone in die Drie-eenheid is nie. Maar is al drie Persone dan God? Kom ons kyk na die volgende verse.

Van watter Persoon van die Drie-eenheid praat hierdie verse?

Filippense 4:20 _____

Kolossense 1:2-3 _____

Johannes 1:1, 14 _____

Johannes 20:27-28 _____

Efesiërs 4:4-5 _____

Efesiërs 4:30 _____

Genesis 1:2 _____

In die bostaande verse is dit duidelik dat daar drie aparte Persone in die Drie-eenheid is en dat al drie Persone ook God is. Die Vader is God, die Seun is God en die Heilige Gees is God.

Die Drie-eenheid – daar is net een God
*Lees **Deuteronomium 6:4-5** en **Galasiërs 3:20***

Alhoewel daar drie Persone in die Drie-eenheid is, is daar net een God. God is in wese Een, maar is drie Persone. Daar is absolute eenheid tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Lees die volgende verse en skryf neer hoe elke vers die eenheid van God beskryf:

Kolossense 2:8-9 _____

Romeine 8:9 _____

Galasiërs 4:6 _____

Efesiërs 4:4-5 _____

In hierdie verse word dit duidelik gestel dat daar 'n hegte eenheid is in die wese en aard van wie God is, terwyl ons weet daar is drie Persone.

Gespreksvraag:
Lees **Romeine 11:33-35** en **1 Korintiërs 13:12**. Wat lees ons in hierdie verse? Hoe is dit van toepassing op vandag se studie en hoe moet ek hierop reageer? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

Miskien sê John Wesley dit die heel beste: *"Bring me a worm that can comprehend a man, and then I will show you a man that can comprehend the Triune God."*

Ons God is vêr groter as ons verstand en begrip. Dit is wonderlik om te weet. Prys die Naam van ons Here!

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 5

Iets om te onthou

God is drie Persone, Vader, Seun en Heilige Gees, maar is wesenlik Een.

Vers om te onthou

"O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!"
(Rom 11:33)

Vraag om oor na te dink

Hoe vind ek troos in die feit dat ek nie alles van God kan verstaan nie?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, wanneer ek dink oor U grootheid, oorweldig dit my. Ek is te klein en nietig om die volle omvang van U grootheid in te sien en te besef. Help my om op U te vertrou en in U grootheid te rus. AMEN

Notas

Wat is die rol van die Heilige Gees in ons lewens?

"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing." **(2 Tim 1:7)**

"The Spirit is the first power we practically experience, but the last power we come to understand." – Oswald Chambers

WEEK 6

Inleiding

In verlede week se studie het ons gekyk na die Drie-eenheid. Ons het vir mekaar gesê dat die Heilige Gees een van die drie Persone in die Drie-eenheid is. Vir vandag se studie is dit belangrik om te onthou dat die Heilige Gees nie 'n mag of 'n krag is nie, maar werklik 'n Persoon is.

In hierdie studie gaan ons die rol wat die Heilige Gees in ons lewens speel, van nader bekyk. Ons gaan sien dat die Heilige Gees aktief betrokke is in die gelowige se lewe sonder dat hy/sy dit eers besef.

Wat is die rol wat die Heilige Gees vandag in ons lewens speel?

Tema teks: Johannes 16:5-15
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Die Heilige Gees werk op verskillende maniere op verskillende tye in ons lewens. Die Heilige Gees sal byvoorbeeld anders in 'n ongelowige se lewe werk as in 'n gelowige se lewe. Maar die Heilige Gees sal altyd ons oë na die Here Jesus rig.

Die Heilige Gees skenk ons wedergeboorte
*Lees **Johannes 3:1-8***

In **Johannes 16:8-10** lees ons dat die Heilige Gees die wêreld sal oortuig dat dit skuldig is aan sonde en dat Jesus Christus werklik is wie Hy sê Hy is. Dit is die eerste rol van die Heilige Gees. Die Heilige Gees oortuig ons dat ons verlore is en 'n Verlosser nodig het. Dit is ook waaroor die gesprek tussen Jesus en Nikodemus handel. Jesus maak dit duidelik aan Nikodemus dat niemand die koninkryk van God kan sien as hulle nie wedergebore word nie **(Joh 3:3)**.

Dit is die Heilige Gees wat hierdie wedergeboorte skenk. Met my eerste geboorte het ek as mens in hierdie wêreld gekom. Ek was verlore in my sonde. Lees die volgende verse en skryf neer wat my toestand was met geboorte:

Psalm 51:7 _____
Romeine 3:10 _____
Romeine 3:11 _____
Romeine 3:12 _____
Romeine 3:23 _____
Romeine 6:23 _____

In hierdie verse is dit duidelik dat die mens in sy sonde verlore is. Die Heilige Gees kom oortuig ongelowiges van hul verlorenheid en roep hulle op tot wedergeboorte.

Wedergeboorte vind plaas wanneer 'n mens sy sonde en verlorenheid erken en bely **(1 Joh 1:8-9)**, die Here Jesus in geloof aanneem as Verlosser **(Joh 1:12)** en sy lewe totaal oorgee aan die Here om as 'n verloste mens te lewe **(Hand 2:38)**.

Gespreksvraag:
Lees **Efesiërs 1:13**. Wat lees ons in hierdie vers, doen die Heilige Gees? Hoe skakel dit in by die ander verse wat ons reeds gelees het? _____
_____
_____
_____

Die Heilige Gees lewe in ons

*Lees **Romeine 8:11** en **1 Korintiërs 3:16***

Die Heilige Gees lewe nou in my. Paulus sê dat ons nou 'n tempel van die Heilige Gees is. Dit dui op 'n baie intieme verhouding, van samewerking tussen ons en die Heilige Gees. Ons is nou nie meer alleen of op ons eie aangewese nie.

Daar is nou ook 'n diepe stryd in my. Paulus sê in **Galasiërs 5:17** dat my vlees lynreg teen die Gees begeer. My vlees wil nog eintlik die ou lewe bevredig, maar die Heilige Gees leef nou in my en ek staan die versoeking teë. Sien, alhoewel my gees nuut gemaak is, moet my vlees gedurig onder die heerskappy van Christus gebring word deur gehoorsaam te wees aan die Heilige Gees.

Gespreksvraag:
Lees **Efesiërs 4:30**. Wat moet ons nie doen nie volgens hierdie vers? Lees nou **Galasiërs 5:19-25**. Op watter manier sal ons die Gees bedroef en op watter manier sal ons die Gees tevrede stel volgens hierdie verse? _____
_____
_____
_____

Die Heilige Gees bemagtig ons vir dienswerk

*Lees **Handelinge 1:8** en **1 Korintiërs 12:1-6***

Die Heilige Gees maak ons kinders van God deur weder-

geboorte. Dan maak die Heilige Gees Hom tuis in ons lewens om ons te lei in hierdie lewe.

Die Heilige Gees het ook 'n derde belangrike rol en dit is om ons toe te rus vir dienswerk in die koninkryk van God. In **Handelinge 1:8** lees ons dat die Heilige Gees ons met krag sal vul en dat ons getuies sal wees oral waar ons kom. Dit is hoe ons die evangelie moet versprei.

Die Heilige Gees rus ons ook toe met 'n verskeidenheid van gawes. Ons lees van hierdie gawes in **1 Korintiërs 12 en 14**. Hierdie gawes is bedoel om die gemeente te versterk sodat die gemeente optimaal kan funksioneer.

Elke gelowige het 'n besondere gawe van God ontvang. Die gawes verskil van mekaar en die doel daarvan is om die gemeente te verryk. Die gawes is dus nie 'n einddoel in dit self nie.

Gespreksvraag:
Lees **1 Korintiërs 14:12** en **Efesiërs 4:7**. Wat lees ons in hierdie verse rondom die gawes van die Gees? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

In vandag se studie het ons net oorsigtelik gekyk na die rol wat die Heilige Gees in ons lewens vandag wil speel. Wat belangrik is om te onthou, is dat die Heilige Gees in ons lewens betrokke is. Dit is die Heilige Gees wat my gaan lei om meer en meer soos Jesus te word, daarom moet ek nie die werking van die Gees in my lewe weerstaan nie.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 6

Iets om te onthou

Die Heilige Gees wil ons deur wedergeboorte kinders van God maak. Dit is die Heilige Gees wat in ons harte getuig dat ons God se kinders is.

Vers om te onthou

"Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." **(Rom 8:16)**

Vraag om oor na te dink

Hoe moet ek my lewe meer en meer inrig om gehoorsaam te wees aan God se Gees na aanleiding van vandag se studie?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat ek nie alleen hier op aarde is nie. Dankie dat U Gees my vul met krag, liefde en selfbeheersing. Dankie dat U Gees my U kind gemaak het. Help my om gehoorsaam te wees en saam met U Gees in my lewe te werk. AMEN

Hoe moet ons bid?

"Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: 'Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.'" **(Luk 11:1)**

"Prayer is simply a two-way conversation between you and God." – Billy Graham

WEEK 7

Inleiding

'n Biddelose Christen is 'n arm Christen. Regdeur die Bybel sien ons dat manne en vroue wat ernstig is oor hulle verhouding met die Here, bid. Gebed is nie net 'n goeie voorstel aan gelowiges nie. Die Bybel verwag dat Christene moet bid.

Enige kind van God wat ernstig is oor sy/haar verhouding met die Here, wat lief is vir die Here en sy/haar roeping in Christus ernstig opneem, sal die dringendheid van gebed verstaan.

Mag die Here ons as gemeente help om ware bidders te word. Mag ons gemeente bidders wees wat die Here laat in die aande, vroeg in die oggende en regdeur die dag soek.

Hoe moet ons bid?

Tema teks: Matteus 6:5-15 en 7:7-12
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Jesus het nie net sy dissipels geleer dat hulle moet bid nie, maar het hulle ook baie oor gebed geleer. Verder het Jesus nie net vir hulle geleer hoe om te bid nie, maar Jesus het self elke dag gebid. Die dissipels het nie net teoretiese kennis oor gebed gehad nie, maar het gesien hoe Jesus dit modelleer.

Gebed vanuit 'n lewende verhouding met God

*Lees **Matteus 22:34-40***

Net die mens wat 'n verhouding met God het, sal werklik 'n behoefte hê om te bid. Dit laat die vraag ontstaan: Is biddeloosheid dan nie 'n teken dat 'n werklike verhouding met God nie bestaan nie?

Jesus sê in **Matteus 22:37** dat ons die Here ons God moet liefhê met ons hele hart, ons hele siel en ons hele verstand. Een van die spontane uitvloeisels van so 'n verhouding is 'n volgehoue gebedslewe.

Dink aan kos en water. Is dit nodig om kos te eet en water te drink? Natuurlik! 'n Mens kan nie sonder kos en water leef nie. Niemand hoef vir ons te sê: Onthou om jou kos te eet en water te drink, nie. Waarom nie? Ons wil graag eet. Wanneer ons liggaam honger en dors word, is ons gewillig om te eet en te drink.

Net so is dit belangrik dat kinders van die Here MOET bid. As ons regtig 'n verhouding met die Here het, hoef niemand vir ons te sê om te bid nie - ons sal dit wíl doen.

Gespreksvraag:
Lees **Lukas 3:21**, **5:16** en **6:12**. Wat leer ons van Jesus in hierdie verse? Watter voorbeeld stel Jesus vir ons? _____

_____

_____

_____

_____

Gebed is die gesprek tussen 'n kind en sy Vader

*Lees **Matteus 7:7-12***

In hierdie gedeelte word dit duidelik gestel dat God na ons gebede luister soos wat 'n pa na sy kinders se versoeke luister. Jesus wys vir ons dat die Vader omgee vir ons en dat ons gebede en versoeke vir Hom belangrik is.

Dit mag dalk wees dat iemand grootgeword het in 'n huis waar daar nie 'n goeie of sterk vaderfiguur was nie. Soms projekteer mense die gebrokenheid van hul aardse pa op die hemelse Vader. Jesus maak dit egter duidelik dat die Vader nie soos ons aardse vader is nie.

Gespreksvraag:
Lees **Matteus 6:7-8**. Wat leer Jesus vir ons oor gebed in hierdie verse? Wat leer ons van die Vader? _____

_____

_____

_____

_____

Gebed is die plek waar ons ons begeertes voor God bring

*Lees **Filippense 4:4-7***

Die vraag word baie gevra: Mag ons enigiets van die Vader vra? Dit is terselfdertyd 'n baie maklike en 'n baie moeilike vraag om

te antwoord. Die antwoord is ja en amper ja.

Toe ons klein was, het ons baie dinge van ons ouers gevra. Sommige van dit kon ons nie kry nie. Ons was jonk en het nie verstaan dat ons sekere dinge nie kon kry nie omdat dit nie goed vir ons sou wees nie. Soos ons dan ouer word, leer ons en hou daardie sinlose vrae op.

Ons geloof is dieselfde. Mag ons God vra vir enigiets? Ja ons mag, maar die feit dat ons daarvoor vra, beteken nie dat God dit vir ons moet of sal gee nie. Onthou dat gebed nie 'n manier is om goed by God te kry nie. Gebed is nie daar om God se arm te draai nie. Iemand wat mooi bid, kry nie meer by God as ander mense nie. Gebed is daar om 'n verhouding met God te bou.

Gespreksvraag:
Lees spesifiek **Filippense 4:7**. Wat sal God vir ons gee wanneer ons al ons begeertes na Hom toe bring? Hoe help dit ons? _____

_____

_____

_____

_____

Gebed is waar ons God se wil soek vir ons lewens
*Lees **Matteus 6:31-34***

Gebed is die plek waar ek my verhouding met God verdiep. Dit is ook 'n plek waar ek my versoeke na die Here toe kan bring. Gebed is ook die plek waar ek God se wil soek vir my lewe.

Gebed is nie om God in te lig oor my agenda en my planne nie. Dit is presies die teenoorgestelde. Dit is die plek waar ek na God se wil kom vra.

Dit is waarom dit so belangrik is dat Bybelstudie en gebed hand

aan hand moet gaan. Onthou, 'n verhouding bestaan uit 'n dialoog. Net so is die verhouding tussen ons en God 'n dialoog wat bestaan uit God wat praat – Bybelstudie, en ek wat praat – gebed. Wanneer ek in gebed reageer op God se Woord, is ek gereed om God se wil te ontvang en dit te doen.

Gespreksvraag:
Lees **Matteus 26:39**. Wat lees ons bid Jesus hier? Wat weet ons van die konteks waarin Jesus bid? Wat kan ons leer uit Jesus se gebed? _____

_____

_____

_____

_____

Gebed is daadwerklike aksie wat God van ons verwag
*Lees **Efesiërs 6:18** en **1 Tessalonisense 5:17***

In Jakobus lees ons dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. Elia was 'n mens net soos ons en God het sy gebed verhoor. Hy het gebid sodat dit nie moet reën nie en vir drie jaar het dit nie gereën nie. Toe het hy weer gebid en God het dit weer laat reën **(Jak 5:16b-18)**.

Die Skrif is vol daarvan dat God wil hê ons moet bid. Soms vergeet ons dat God ons nooi om saam met Hom deel te hê in die skryf van die geskiedenis. Ons gebede is nie net mooi woorde in die wind nie. Gebed is daadwerklike aksie en gebed maak 'n verskil.

Daarom verwag God van ons om te bid. Lees die volgende verse en skryf neer waarvoor ons moet bid volgens hierdie verse:

1 Timoteus 2:1-2 _____
Kolossense 4:3 _____
2 Tessalonisense 1:11 _____
Matteus 5:44-45 _____

Matteus 9:36-38 _____
Matteus 26:41 _____
2 Tessalonisense 3:2 _____

Gespreksvraag:
Lees **Jakobus 5:16-18**. Wat is die belangrikheid van gebed volgens hierdie verse? Dink aan die lys wat ons nou gemaak het. Waarom wil die Here hê dat ons daarvoor moet bid? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

Daar is geen twyfel dat God ons oproep om te bid nie. Daar is ook geen twyfel dat daar krag in gebed is nie. Om vandag se studie op te som, is dit nodig om mekaar te herinner dat Christene altyd moet bid. Ons mag nie moeg word om te bid nie. Ons moet elke geleentheid wat ons kry, gebruik om te bid.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 7

Iets om te onthou

Gebed is 'n natuurlike uitvloeisel van 'n lewende verhouding met God.

Vers om te onthou

"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."
(Jak 5:16b)

Vraag om oor na te dink

Op watter manier moet ek my gebedslewe aanpas? Reflekteer my gebedslewe tans die belangrikheid daarvan?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat ek deur die Here Jesus vrye toegang het tot U genadetroon. Ek kom bely my biddeloosheid voor U vandag en kom vra dat U my deur U Gees sal help en leer om meer getrou tyd te maak vir gebed. AMEN

Hoe weet ons wat God se wil is vir ons lewens?

"Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." **(Rom 12:2b)**

"Being a Christian is less about cautiously avoiding sin than about courageously and actively doing God's will."
– Dietrich Bonhoeffer

WEEK 8

Inleiding

Om God se wil vir my lewe te ken, is seker een van die belangrikste onderwerpe vir die gelowige wie ernstig oor sy verhouding met die Here is. Die waarheid is dat dit nie so moeilik is om te weet wat God se wil vir ons lewens is nie.

Ons hemelse Vader is lief vir ons. Hy steek nie sy wil vir ons weg sodat ons raai-raai deur die lewe moet gaan nie. Die Here se wil is kenbaar en uitvoerbaar.

In vandag se studie kyk ons na 7 eenvoudige stappe om 'n gelowige te help om God se wil te onderskei.

Hoe weet ons wat God se wil is vir ons lewens?

Tema teks: Romeine 12:1-8

Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Dit is nie nodig om God vir tekens te vra wanneer dit kom om sy wil te onderskei nie. Ons almal het al met mense gepraat wat tekens gesoek het en dan heeltemal op 'n dwaalspoor beland het.

In **Rigters 6** lees ons dat Gideon die Here vir 'n teken vra nadat die Here vir hom duidelik gesê het wat Hy van hom verwag. Ons moenie Gideon as 'n voorbeeld gebruik nie. Ons het die Heilige Gees en die Heilige Gees lei ons in die waarheid **(Joh 16:13)**.

Hier is die 7 stappe om God se wil vir ons lewens te onderskei:

STAP 1: Bring ons lewens in lyn met die Woord

*Lees **Psalm 119:9-11** en **40:7***

Baie gelowiges ervaar onsekerheid in hul geloof juis omdat hul lewe nie in lyn is met die Woord nie. Die heel eerste wil van God vir my lewe is om my HELE lewe in lyn met sy Woord te bring.

Ons moet doen wat ons weet ons moet doen – dit wat ons lees in die Woord. Hier mag ons nie onderhandel nie. Dit help nie ek vra na die wil van die Here op ander plekke in my lewe as ek doelbewus nie volgens God se Woord lewe nie.

Gespreksvraag:

Lees **Jakobus 4:17**. Wat leer ons uit hierdie vers? Wat is die implikasie daarvan op ons lewens? _____

_____

_____

_____

STAP 2: Doen die filtertoets
*Lees **Filippense 4:8-9***

Wanneer my lewe ingestel is om te lewe volgens die Woord, dan het ek reeds baie vêr gekom. Dit is hoe ek in die algemene wil van God vir my lewe leef. Maar nou moet ek 'n besluit neem en ek weet nie wat ek behoort te doen nie. Waar begin ek nou?

Doen die filtertoets. Lees **Filippense 4:8** en skryf al die filters neer:

Filter #1: _____
Filter #2: _____
Filter #3: _____
Filter #4: _____
Filter #5: _____
Filter #6: _____

Paulus sê hierop moet ons ons gedagtes rig. Wanneer ons dit doen, word ons hart en motiewe ondersoek. Indien dit wat ek beoog om te doen, nie die filtertoets slaag nie, moet ek dit nie doen nie.

STAP 3: Bid vir wysheid
*Lees **Jakobus 1:2-8***

Soms in ons lewe kom ons op 'n plek waar ons besluite moet neem. Hierdie besluite het die potensiaal om 'n groot impak op ons en ons geliefdes te hê. Dan wil 'n mens nie besluite sommer ligtelik neem nie.

Stap 3 behels om spesifiek vir wysheid te bid. Natuurlik behoort 'n gelowige 'n lewe van gebed te leef en nie net te bid wanneer daar probleme of moeilike besluite is nie. Stap 3 behels dat 'n persoon spesifiek tyd eenkant sit om oor hierdie onderwerp te bid.

Gespreksvraag:
Lees **Jakobus 1:5-8**. Waarom moet ons nie twyfel nie? Wat lees ons in hierdie verse oor wat die Here sal doen? _____

_____

_____

_____

_____

STAP 4: Kyk na wat ons reeds het
*Lees **Eksodus 4:2** en **Hebreërs 13:21***

Soms lê die antwoorde waarna ons soek oop en bloot. Indien daar steeds onduidelikheid is oor God se wil, moet 'n gelowige 'n eerlike evaluasie van sy lewe doen.

Antwoorde op hierdie vrae moet gegee word:

VRAAG 1: Watter talente het ek?
VRAAG 2: Watter gawes het die Here vir my gegee?
VRAAG 3: Watter geleenthede het ek?
VRAAG 4: In watter omstandighede bevind ek myself?
VRAAG 5: Wie is die mense om my?

Ons moet goed let op dit wat ons reeds in die hand het. Die kans is goed dat die Here se wil reeds al die afgelope paar jaar in my lewe inspeel en dat dit net die volgende stap is wat nou geneem moet word.

STAP 5: Soek raad by ander gelowiges
*Lees **Spreuke 11:14**, **13:10** en **15:22***

Dit is baie belangrik om in 'n gemeente ingeskakel te wees waar die Bybel geleer word. Dit is ook belangrik om in 'n kleingroep ingeskakel te wees waar ek met ander gelowiges interaksie kan hê.

Wanneer 'n gelowige met 'n spesifieke uitdaging worstel, is dit

tyd om die net 'n bietjie wyer te span. Wie in die gemeente het al deur soortgelyke uitdagings gegaan? Daar is altyd waarde daarin om te hoor hoe die Here iemand anders gelei het – ons behoort by mekaar te leer.

STAP 6: Neem 'n besluit
*Lees **Jakobus 1:6-8***

In hierdie verse praat Jakobus van mense wat heen en weer deur die wind gedryf word. Hierdie gebrek aan geloof en besluitloosheid kan 'n mens geestelik lam lê.

Iewers moet 'n besluit geneem word. As al die stappe tot hier geneem is en daar is nog nie 'n duidelike ja of 'n nee nie, dan is dit tyd om 'n besluit te neem. Onthou, die Here het ons die vermoë gegee om te redeneer en by antwoorde uit te kom. Neem die besluit! "Make a choice and love your choice!"

STAP 7: Leef rustig voor die Here
*Lees **Psalm 31:1-5***

Ons kan nie die toekoms sien nie. Ons kan net besluite neem met die kennis en insig wat ons het. Kan dit wees dat ek 'n verkeerde keuse gemaak het? Ja! Ek kan met alle eerlike bedoelings nog steeds 'n fout maak, maar dit gaan alles "okay" wees.

Wanneer ek eerlik die Here ken in my besluitneming en seker maak ek het nie roekeloos of agterlosig opgetree nie, kan ek verder rus in die Here.

Dawid maak dit so duidelik in **Psalm 31** dat ons rustig moet leef en werk. Ons moet ons vertroue in die Here plaas, nie in ons besluitnemingsvermoë nie. Dalk is die ompad wat nou gestap word, presies waar ek moet wees!

Gespreksvraag:
Lees **Romeine 8:28-29**. Wat leer ons uit hierdie verse? Hoe is dit van toepassing op die onderwerp wat ons so pas bespreek het? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

In vandag se studie het ons gekyk na 7 eenvoudige stappe wat enige gelowige kan volg om God se wil te onderskei. Die groot uitdaging wat ek mag ervaar, is nie om God se wil te onderskei nie, maar wanneer ek weet dat God se wil anders lyk as myne.

Charles Spurgeon het dit dalk die heel beste gestel: "When your will is God's will, you will have your will."

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 8

Iets om te onthou

God se wil is altyd kenbaar en doenbaar.

Vers om te onthou

"As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde."
(Jak 4:17)

Vraag om oor na te dink

In watter area van my lewe sukkel ek om God se wil vir my lewe te gehoorsaam?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my wil help om U wil te ken en uit te voer. Dankie dat dit nie iets is wat vir U kinders weggesteek word nie. Help my om aan U gehoorsaam te wees in elke aspek van my lewe. AMEN

Hoe leef ons Jesus by ons werk uit?

"Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie." **(Ef 6:7)**

"Read the Bible. Work hard and honestly. And don't complain." – Billy Graham

WEEK 9

Inleiding

Een van die uitdagendste ervarings vir 'n gelowige is om in 'n werksplek te wees waar daar geen respek vir die Here is nie. Dit raak soveel moeiliker as Christene belet word om hulle geloof in die werksplek uit te leef.

Wat staan 'n gelowige te doen? In vandag se studie kyk ons na hierdie onderwerp: Hoe leef ek Jesus by my werk uit? Hoe leef ek my Christenskap uit in 'n plek waar die Here nie geëer word nie en waar ek in die moeilikheid kan kom as ek soos Jesus sou optree?

Hoe leef ons Jesus by ons werk uit?

Tema teks: Efesiërs 6:5-9 en Kolossense 3:22-25
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

In hierdie studie gebruik ons hoofsaaklik verse wat van toepassing is op die slawe in die Nuwe Testamentiese tyd. In

die Bybelse tyd was slawehandel 'n aktiewe bedryf. Die hoof rede hiervoor is omdat werkloosheid en armoede baie erg was. Dit was vir 'n mens beter om 'n slaaf te wees van 'n ryk man en kos te hê om te eet, as om 'n vry man te wees en dood te gaan van die honger.

Die probleem was, wanneer hierdie slawe tot bekering gekom het, wou hulle vryheid hê van die juk van slawerny. Daar was wetgewing in plek wat bepaal het dat 'n slaaf aan sy eienaar behoort het. 'n Slaaf kon daarom nie bedank nie.

Dit is binne hierdie konteks waarin die vroeë kerk en jong gemeentes hulleself bevind het en waar gelowige slawe gehelp moes word om die beste te maak van hul omstandighede.

Baie van die raad wat ons in die Nuwe Testament kry vir die slawe, is egter net so van toepassing op ons werksomstandighede.

Kom ons kyk dan na die praktiese raad wat ons in die Bybel kry wat ons sal help om ons getuienis by die werk te kan uitleef.

Werk altyd met 'n hoë etiese en morele kode
*Lees **1 Timoteus 6:1-2***

Paulus moedig die slawe aan om hulle beste te gee en om hul eienaars met hoë agting te behandel. Op hierdie manier sal die evangelie nie in diskrediet kom nie.

Dit is ons beginpunt. Niemand kan Jesus in my werk raaksien as ek dit halfhartig doen nie. Niemand kan Jesus in my werk sien as ek altyd laat kom, vroeg loop en halwe werk doen nie.

As gelowiges is dit belangrik om altyd werk te doen van hoë gehalte. Wanneer ons werk op hierdie manier doen, trek dit tog die werkgewer se aandag en wen ons guns.

Gespreksvraag:
Lees **Spreuke 3:1-4** en **14:35**. Waarom is dit belangrik om getrou my werk te doen? Wat is die resultaat daarvan? _____

_____

_____

_____

_____

Doen altyd ons werk eerste vir die Here
*Lees **Kolossense 3:22** en **Efesiërs 6:7***

Ons moenie ons werk doen net om deur ons werkgewers raakgesien te word nie. Nee, ons moet ons werk doen asof die Here self my werkgewer is.

Die vraag wat ek myself moet afvra, is: Hoe sou ek my werk gedoen het as ek deur die Here in diens gestel was? Watter gehalte werk sou ek dan gelewer het? Dit is hoe ek my werk elke dag moet doen.

Wanneer ek my werk op hierdie manier doen, stel ek die Here tevrede en bring dit eer aan Hom.

Gespreksvraag:
Lees **Kolossense 3:23-24**. Wat leer hierdie verse ons? Hoe behoort dit 'n invloed te hê op my werk? _____

_____

_____

_____

Leef die evangelie orals aktief uit
*Lees **Matteus 5:14-16***

Dit is belangrik dat ek 'n hoë morele en etiese kode sal handhaaf terwyl ek my werk doen. Maar ek mag nie stilbly oor die evangelie nie. Soos Petrus sê, moet ons altyd gereed wees

om 'n antwoord te gee vir die hoop wat in ons leef **(1 Pet 3:15)**.

Ons moet onthou dat ons nie op hierdie aarde is om eerstens suksesvolle werknemers en werkgewers te wees nie. Ons eerste roeping is om Jesus uit te leef, of dit by die huis, skool, winkelsentrum, werk of kerk is. Vir die meeste mense is dit 'n saak van lewe of dood, ewige lewe of ewige dood. Ons mag nie stilbly nie!

Gespreksvraag:
Lees **2 Timoteus 2:1-2**. Is hierdie verse ook van toepassing op ons werksplek? Waarom? _____
_____
_____
_____

Moenie bang wees vir vervolging nie

*Lees **Hebreërs 10:32-36***

Dink aan Sadrag, Mesag en Abednego wat deur Nebukadneser aangestel is oor die administrasie van die hele provinsie Babel **(Dan 2:49)**. Wat 'n wonderlike geleentheid! Jongmanne wat so vinnig opbeweeg het en 'n sukses gemaak het van hul lewens.

Wat het gebeur toe die jongmanne vir hulle geloof opgestaan het? Hulle was vervolg. Hulle was binne-in die vuuroond gegooi omdat hulle geweier het om die afgod te aanbid. Die uiteinde van die verhaal? God is verheerlik deur Nebukadneser wat God se wonderwerke voor sy oë sien afspeel het. Lees die volle verhaal in **Daniël 2** en **3**.

Daar is 'n les te leer uit hulle verhaal. Ons moenie bang wees vir vervolging nie. Dit is juis wanneer ons vervolg word, dat mense agterkom ons geloof is so eg dat ons bereid is om 'n promosie van die hand te wys, afbetaal te word en selfs te sterf.

Dit is wanneer gelowiges vervolg word, dat die Heilige Gees daardie gelowiges se getuienis gebruik om ander na die Here Jesus toe te trek.

Gespreksvraag:
Lees **Matteus 5:11-12**. Watter raad en hoop bied hierdie verse vir mense wat vervolg word? _____

_____

_____

_____

Opsomming:

Ons moet onthou dat daar meer mense se oë op ons is as wat ons dink. Mense kan in die manier wat ek my werk doen, sien of my geloof in die Here Jesus eg is. Hulle kan sien in die manier hoe ek teëspoed hanteer, dat ek vashou aan Jesus.

Selfs al maak ek foute, kan hulle sien dat ek in Christus staan. Daarom moet ons altyd ons beste gee by die werk, hoë-gehalte werk doen en onthou – ons leef vir Christus!

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 9

Iets om te onthou

Ek doen altyd hoë-gehalte werk, want Christus is my werkgewer.

Vers om te onthou

"Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie."
(Ef 6:7)

Vraag om oor na te dink

Watter aanpassings moet ek maak in die manier hoe ek my werk doen om 'n beter getuie vir Jesus te wees?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om Jesus elke dag aktief by my werk uit te leef. Help my dat ek my werk op so 'n manier sal doen, dat mense altyd sal sien dat my hoop in Christus eg is. Help my om met vrymoedigheid oor Jesus te getuig waar ek ookal kom. AMEN

Notas

Hoe herstel ons stukkende verhoudings?

"As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." **(Rom 12:18)**

"To be a Christian means to forgive the inexcusable, because God has forgiven the inexcusable in you." – C.S. Lewis

WEEK 10

Inleiding

Dit is onafwendbaar dat ons konflik met mense gaan beleef. Mense verskil. Ons het verskillende voorkeure, belangstellings en opvoeding. Daarby is die mens se aard en karakter ook nog betrokke en dit gee genoeg rede vir ons om soms in ernstige konflik met mense te beland.

Almal van ons het verhoudings wat minder ideaal is. Die vraag is nie of ons 'n poging moet aanwend om dit te herstel nie. Ons weet dat, as dit binne ons vermoë is om 'n verhouding te herstel, ons dit behoort te doen. Die vraag is: Hóé herstel ons so 'n verhouding?

Hoe kan ons stukkende verhoudings weer regmaak?

Tema teks: Matteus 5:23-26
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Kom ons begin met 'n vrywaring. Soos Paulus sê, sovêr dit van ons afhang, behoort ons in vrede met alle mense te lewe **(Rom 12:18)**. Ek mag daarom nooit die rede wees waarom 'n verhouding nie herstel word nie.

Jesus maak dit tog duidelik dat, as iemand na my toe kom om 'n verhouding te herstel, ek daardie persoon moet aanvaar en vergewe. Ek mag nie kwaad bly en wrokke hou nie. Ons weet dat dit is wat die Here Jesus van ons verwag.

In vandag se studie praat ons oor dit wat ek moet doen om binne my vermoë gebroke verhoudings te herstel.

Begin by die kruis
*Lees **2 Korintiërs 5:19***

Die boodskap van die kruis is tog 'n boodskap van versoening. Verder sê Paulus dat die boodskap van versoening aan ons toevertrou is. Onthou, God neem die inisiatief om die stukkende verhouding tussen Hom en die mens te herstel. Hoe doen Hy dit? Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om aan die kruis te sterf sodat vrede tussen God en mens moontlik is **(Joh 3:16-17)**.

Dit is belangrik dat ons by die kruis moet begin. Die armbandjie vra: W.W.J.D – What Would Jesus Do? Wanneer ek begin by die kruis, dan is daar net een vraag: Op watter manier moet ek die Here verheerlik in my lewe? Dit is ook van toepassing op my verhoudings.

Gespreksvraag:
Lees **Kolossense 3:15**. Wat lees ons in hierdie vers rondom Jesus se versoening en ons verhoudings met mense? _____

_____

_____

_____

_____

Soek vergifnis en gee vergifnis
*Lees **Efesiërs 4:32***

Die Engelse idioom sê: "*Live and let live*". *Ons kan hierdie gedagte net so oordra na vergewe. Ons* het tog by die Here Jesus geleer om te vergewe. Daar is twee kante aan hierdie saak:

#1) Soms mors ek op

Almal van ons maak soms foute. Dit het direkte implikasies op die mense om ons. Dit help nie om trots te wees of om hardkoppig te wees nie. Gaan sê so gou as moontlik jammer en bied aan om dit reg te maak. Moenie verskonings maak nie. Gaan sê dadelik jammer en gaan maak dit reg.

Indien die persoon jou vergewe, is die verhouding herstel. Indien daardie persoon jou nie wil vergewe nie, dan is jou kant skoon voor God en kan jy aangaan met jou lewe, terwyl jy steeds in die loop, aanhou bid vir versoening.

#2) Soms mors ander mense op

Ons moet gewillig wees om ander te vergewe. Dit bring nie eer aan die Here as ons kwaad bly en as ons wrokke dra nie. Dit is in ons eie belang en in die belang van ons getuienis om te vergewe.

Dit gebeur dat mense te na gekom word en dat dit 'n dramatiese effek op hulle lewens het. So 'n persoon sal hulp moet kry van 'n pastorale berader om deur die impak van die skade te werk. Vergifnis veroorsaak nie dat iets nie meer 'n effek op my het nie, dit maak net dat ek nie meer daaraan vashou nie. Ek kan dit laat gaan.

Gespreksvraag:
Lees **Kolossense 3:13**. Watter hoë verwagting stel hierdie vers aan ons? Watter verskil sal dit maak in ons lewens? _____

_____

_____

_____

_____

Lewe vir meer as die lewe
*Lees **Johannes 16:33** en **1 Johannes 5:4-5***

Ons sal dit moeilik hê op verskillende maniere in hierdie wêreld. Ons lewe egter nie vir hierdie wêreld nie. Ons lewe vir meer as hierdie wêreld. Toe Christus ons gered het, het Hy ons 'n nuwe visie gegee – een wat fokus op die lewe hierna.

Die Hebreërs-skrywer vat die essensie van hierdie nuwe lewensvisie mooi vas:

"Daarom kan ons met vertroue sê: 'Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?'"
(Heb 13:6)

Wanneer ek verstaan dat die Here Jesus reeds hierdie wêreld oorwin het, dan stel dit my in staat om my los te maak van dit wat in hierdie lewe gebeur. In Christus is ek vry. Ek hou nie meer wrokke nie en ek bly nie meer kwaad nie, want ek is geroep tot hoër lewenswaardes.

Gespreksvraag:
Lees **Kolossense 3:14-16**. Wat sê Paulus moet die deurslag gee in ons lewens? Hoe lyk dit in praktyk volgens die res van die vers? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

Die Here verwag van ons om, sovêr dit van ons afhang, in vrede met alle mense te leef. As iemand nie in vrede met ons wil saamleef nie, is ons vry. Ons mag net nooit die rede wees waarom 'n verhouding stukkend bly nie. Dit bring altyd eer aan die Here wanneer 'n verhouding herstel.

Notas:

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 10

Iets om te onthou

Dit bring altyd eer aan die Here as ons verhoudings herstel word.

Vers om te onthou

"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was."
(Fil 2:5)

Vraag om oor na te dink

Watter verhoudings in my lewe is stukkend? Wat is dit wat die Here van my verwag om te doen?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om in vrede met almal te lewe. Help my om reg te maak daar waar ek foute gemaak het en om ander te vergewe wat foute begaan het. Help my om nooit die rede te wees waarom 'n verhouding nie herstel word nie. AMEN

Notas

Slotwoord

"Simon Petrus het Hom geantwoord: 'Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee.'"
(Joh 6:68)

"Heaven is full of answers for which nobody ever bothered to ask." - Billy Graham

Ons het nou aan die einde van 'n baie opwindende Bybelstudie gekom.

Ek is seker almal sal saamstem dat die studie ons genoop het om met insig te delf in die onuitputbare skatte van die Woord.

Gedurende die studie het ons ook kennis geneem van metodes en beginsels in die hantering van die Skrif.

Terwyl ons moontlik dikwels oor die antwoorde van mekaar kon verskil, het die gevolglike gesprekvoering tot nuwe insig en geestelike verryking gelei. Die studie het ons gestimuleer om wyer na te slaan en via gesprek tot 'n aanvaarbare gevolgtrekking te kom.

Daar is 'n moontlikheid dat sommige onderwerpe dikwels tot wyer gesprek aanleiding gegee het. Mag die Bybelstudie elkeen wat dit meegemaak het, inspireer om verder selfstandig ekstra leeswerk en navorsing te doen.

Die finale antwoord lê by God. "I've read the last page of the Bible, it's all going to turn out all right." - Billy Graham

Ds. Chris Heunis

Ander Bybelstudies



5 Solas - 5 Ankers

Daar is vyf ononderhandelbares vir ons geloof wat gedurende die Protestante Reformasie gedefinieer is. In hierdie reeks bestudeer ons die 5 Ankers en ons maak seker dat ons geloof hierin geanker en gewortel is.

Genesis

Die Ou Testament en Genesis is nét so van toepassing vandag. In hierdie studie kyk ons na Genesis deur die bril van die Nuwe Testament en bied 'n verfrissende perspektief op die belangrikheid van Genesis in ons geloof.

Volg My

Dissipelskap is elkeen van ons se ware roeping. Hierdie studie volg die dissipels van waar hulle geroep is tot waar hulle uitgestuur is. Dit bied 'n uitdaging aan ons as Christene om onsself af te vra: "Volg ons Jesus werklik?"

Karakter van God

'n Studie van God se karaktereienskappe. Deur na God se karaktereienskappe te kyk, leer ons God beter ken en verstaan ons beter wat God van ons verwag.

Dis Oorlog

'n Verfrissende studie oor die Christen se Wapenrusting. Wanneer dit kom by Geestelike Oorlogvoering is daar baie wanopvattings daar buite. Hierdie studie bied 'n eenvoudige, Bybelse benadering tot hierdie onderwerp.

Kindskap

Wat beteken dit om 'n kind van God te wees? Hierdie studie kyk na hoe ons ons identiteit in Christus vind en ons kindskap aanvaar.



Jabes

Hierdie studie bied 'n nuwe blik op Jabes se gebed waar dit weg beweeg van voorspoedteologie. Jabes se gebed word besigtig vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief. Ons kyk na die belangrikheid van gebed en 'n goeie verhouding met die Vader.

Waardes

Waardes definieer ons lewens en is soos 'n kompas wat ons op die regte pad hou. In hierdie studie kyk ons na die waardes wat ons op die pad van die Woord hou en hoekom waardes belangrik is in ons lewens.

Waarde van die Woord

Sekularisme het ons lewensbenadering baie kom verander. Ook die hoofstroom kerk het ongelukkig nou 'n meer liberale teologiese aanslag. Hierdie studie daag ons uit om die Bybel weer as die Woord van God te ag en daarvolgens te lewe.



Vir Botter of vir Wors

Die huwelik is bedoel om "For Better or for Worse" te wees. In hierdie studie kyk ons na relevante onderwerpe waarmee getroude paartjies gekonfronteer kan word. Doen hierdie studie as 'n voorhuwelikse of huweliksverrykingskursus.

Internet vir Christene

Hierdie reeks bied aan die Christen Bybelse filters vir hoe om die internet, sosiale media en selfoonkommunikasie tot eer van God te gebruik. Dit help die Christen om seker te maak dat hy/sy 'n goeie "aanlyn-getuienis" uitleef.



Radikaal

Om 'n dissipel van die Here Jesus te wees, is radikaal - dit is anders as die wêreld. Hierdie reeks kyk na die verskillende fasette van ons geloof en daag ons uit om 'n radikale lewe in Christus te leef.

Kruiswoorde

'n Sterwende persoon se laaste woorde is gewoonlik baie belangrik en dit is dié woorde wat ons onthou. Hierdie studie gee vir ons die dieper betekenis agter Jesus se laaste woorde aan die kruis wat vir ons van groot waarde is.

7 Tipes Gelowiges

Hierdie studie kyk na die 7 gemeentes in Openbaring 1-4 aan wie daar geskryf word. Ons kyk na wat in elke gemeente gebeur het en wat ons daaruit kan leer.

Notas

Notas

Notas

Notas